Kontak-kring
Kleingroepriglyne

Gee sonder voorbehoud.
Markus 12: 38-44

DAAR & DAN
kontak met God se Storie

1. Kontak met mekaar
Aankoms, verwelkoming en verversings.

Ysbreker
Hoe besluit jy wat en hoeveel jy moet gee?

2. Kontak met God
Oorweeg dit om 'n kers aan te steek om God se teenwoordigheid te simboliseer. Plaas dit in die middel van die groep.

Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Lees Psalm 127 as gebed.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Dank God daarvoor.

3. Kontak met die Woord
Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees dan Markus 12: 38-44 en gesels oor die volgende.

HIER & NOU
kontak met myself & Godstories

Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

Wat dink julle is die probleem van die Skrifgeleerdes?

Die skrifgeleerdes het ander goed gehad wat belangriker was as Jesus. Hoe sien ons dit vandag nog? Wat is daar in jou lewe wat keer dat jy vir Jesus ordentlik kan volg?

Wat sê die weduwee se geskenk van haar gesindheid? Hoe vergelyk dit met die gesindheid van die Skrifgeleerdes? En met die ryk mense?

Watter beginsels oor rentmeesterskap leer ons in die verhaal van die weduwee?

Meet jou gee-gesindheid op 'n skaal van 1 tot 10. Een is die werklik opofferende gesindheid van die weduwee en tien is om net iets kleins te gee wat niks van jou vra nie. Waar lê jy? Hoekom? Waar sal jy in die toekoms wil wees? Wat moet verander?

VERDER & VOOR
kontak met mekaar & ander

Dink aan maniere hoe julle vandag se teks in die komende week prakties kan uitleef – sonder dat iemand weet wie dit gedoen het.

Vir die Begeleier

Maak 'n paar fotostate van die teksgedeelte en neem dit saam.
Dis ook altyd insiggewend om verskillende vertalings van die teks te lees.

Bedien Mekaar
kontak deur gebed

Deel gebedsversoeke en skryf dit in julle gebedsdagboeke en bid in die week daarvoor. Onthou om ook gebedsverhoring en Godservarings neer te skryf.

Dra die gebedsversoeke aan God op.

Sluit af met gebede.